

Sondag, 12 Julie 2020
Fokusteks: Romeine 8:1-11

‘n Gelowige man het eendag vir ‘n sendeling gesê dat hy ‘n stryd in homself ervaar tussen ‘n goeie en slegte hond. ‘Watter een wen?’, het die sendeling gevra. ‘Die een vir wie ek die meeste kos gee’, het die gelowige geantwoord.

Het jy al so ‘n stryd ervaar? Jy weet wat die regte ding is om te doen, maar jy doen net die teenoorgestelde. Jy probeer jou bes om die regte keuses te maak. Jy sê vir jouself, “Ek moenie hierdie ding doen nie,” maar dan doen jy dit tog! Moenie alleen voel nie, die apostel Paulus het dieselfde stryd ervaar. In Rom.7:19, 21, 24 skryf hy die volgende:

19) *Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.*

21) *So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte.*

24) *Ek ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?*

Daar is twee probleme waarmee Paulus te make het. Die een is die sonde wat hy doen en die slegte gevolge daarvan. Die ander een is hoe om God tevrede te stel deur ‘n lewe van geregtigheid, d.w.s. gefokus op God en gehoorsaam aan sy wil. Sy eerste probleem, nl. die sonde, verhoed hom om dit te doen. Hy weet alte goed wat die wet van die Here vereis, maar hy kry dit net nie reg om die wet volkome te gehoorsaam nie. Daar is net een oplossing, maar dit sal hy nie in homself vind nie. Nie in eie krag nie, maar ‘n krag wat van buite homself kom. Dit is die krag van die Gees van Christus wat in sy lewe woning maak en sy lewe so verander dat hy in staat is om aan God gehoorsaam te bly.

Rom.8:1-4 verduidelik hoe die probleem van sonde aangespreek is:

*Daar is dus nou **geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie**. Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood. Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel. Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.*

Hierdie verse beklemtoon die kern van ons geloof. Die Here het met ons sonde afgereken deur Jesus in ons plek as ‘n sondige mens te behandel en te straf, sodat ons van ons sondes vergewe is. Dit is van ons weggeneem deur die kruisdood van Jesus. Wat beteken dit vir jou en my? Lees weer die eerste sin van v.1 - *Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie*. Ek hoef nie bang te wees dat die oordeel van God my gaan tref nie. Soms is ‘n mens bang as jy dink aan wat met jou sal gebeur as jy die dag sterf, of as Jesus vandag sou terugkeer. Sal die Here my ‘n plek in die hemel gee, of sal ek “dit nie maak nie.” Nee, ‘n kind van God hoef nooit so dink nie, die sonde in jou is reeds veroordeel. Jesus het daardie oordeel gedra. Jou vertrouwe lê nie in jouself en jou pogings om goed genoeg te lewe nie, maar in Jesus Christus en die krag van sy Gees. Paulus weet dat daar geen manier is waarop hy aan die wet van God getrou kan bly deur sy eie krag nie. As hy egter sy lewe deur die Gees laat beheer, sal hy ondervind hoe die Gees hom lei tot ‘n lewe van getrouheid aan God.

Hierdie waarheid waarvan Paulus in v.4 getuig is nie iets nuut in die Nuwe Testament nie. Eeue voor die koms van Jesus het die Here al met sy profeet, Sagaria, oor dieselfde saak gepraat. Dit was in die tyd toe Israel reeds teruggekeer het vanuit die ballingskap en die stad Jerusalem, sowel as die tempel, herbou moes word. God het vir hom gesê: *Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees (Sag.4:6).*

Wat 'n wonderlike versekering dat ek nie met skuldgevoelens voor die Here hoef te leef nie! Mens kan in jou hart die refrein van die Hallelujalied - *Ek sien 'n poort wyd ope staan*, saamsing:

*Genade Gods, so ryk en vry -
Die poort staan ope ook vir my.
Vir my, vir my, staan ope ook vir my!*

Beteken dit dat ek nou 'n lisensie het om maar sonde te doen? Nee, allermens. Daaroor skryf Paulus ook baie duidelik in hfst.6. As ons deur die verlossingsdaad van Jesus nou dood is vir die sonde, kan ons nie langer daarin voortleef nie. Ons word gered uit genade, maar die bedoeling daarvan is dat die genade van God ons sal verander. Die Here deel nie maar net sy genade in groot hoeveelhede aan ons uit, net om daarna sy skouers op te trek en nie om te gee wat van sy genade word en wat ons daarmee maak nie. Nee, Hy wil werklik hê dat ons lewens 'n nuwe oriëntasie sal kry. 'n Lewe wat aan God georiënteer is. Maar daar is 'n natuurlike weerstand by ons om dit te doen. Paulus verduidelik dit in v.5-8:

⁵Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees. ⁶Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede. ⁷Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. ⁸Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie.

Gedurende my studentejare het ek 'n horlosie gekoop met 'n ingeboude radio. Jy prop net oorfone in, dan kan jy radio luister. Groot was my teleurstelling toe ek agterkom dat dit net 'n AM radio is. Dit kon glad nie FM-radiostasies opvang nie. Iemand wie se ingesteldheid (*mindset*) net op homself en sy eie behoeftes is, is soos 'n AM-radio wat slegs ingestel is op daardie spesifieke radiogolwe. Jy sal nie deur die krag van die Gees kan leef nie, omdat jou ingesteldheid nie binne die kragveld van die Gees is nie. Dit is dan volgens v.8 nie moontlik om die wil van God te doen nie.

'n Lewe wat ingestel is op Jesus bring lewe en vrede, maar 'n lewe wat deur ons sondige natuur beheer word, loop uit op die dood en vyandskap teenoor God. Die sondige natuur se waardes en manier van dink is dieselfde as Satan s'n, en dit is om teen die wil van God op te tree. Is dit nie interessant wat Jesus by geleentheid vir Petrus gesê het nie? In Mark.8:31-33 kondig Jesus vir die eerste keer sy dood en opstanding aan. Petrus was nie baie gelukkig hieroor nie en het Jesus opsy geneem en Hom berispe. Jesus, op sy beurt, het weer vir Petrus berispe en gesê: *Moenie in my pad staan nie, Satan, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê.*

Ons sondige natuur kan nie lewe en vrede gee nie. Dit kan nie werk nie. Dit is soos wanneer jy probeer om 'n hoogs tegnologiese prosesseerder van 'n rekenaar op 'n ashoop te vervaardig in plaas van 'n skoon en higiëniese vertrek. Of om 'n dooie liggaam te probeer leer hoe om te dans. So onmoontlik is dit om God te eer uit 'n selfgerigte ingesteldheid.

Gelukkig stop Paulus nie by hierdie verse nie. Hy bring die goeie nuus in v.9-11:

⁹Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie. ¹⁰Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vrypraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde. ¹¹Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood

opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

Onthou, Paulus praat hier met sy medegelowiges. Hulle is Christene wat in die geloof die verlossing van Christus aangegryp het. Die vraag is nie of hulle die Gees ontvang het of nie. Nee, wanneer God in jou lewe inkom is dit met sy volheid - Vader, Seun, én Heilige Gees! Hulle het reeds die Gees ontvang. Die vraag is eerder hoe ons op die werking van die Gees in ons lewens reageer. Weerstaan ons Hom, of laat ons toe dat Hy ons lewens en ons ingesteldheid beheer? Wanneer ons lewens deur die Gees se werking beheer word, is ons vry van die oordeel van God. Ja, ons doen nog sonde, maar ons vertrou is in Jesus, die Een wat dit van ons wegneem. Ons gesindheid is nog soms soos Petrus wat net dink aan wat hyself en die mense wil hê. Maar die Gees verander ons harte en lewens om al meer ingestel te wees op die wil van God.

Ons ervaar dikwels die stryd in onself soos die man wat sê daar is 'n goeie en slegte hond in hom. Maar ons kan die regte een kos gee. Dit is om ons vertrou elke dag volledig in die hande van die Here te plaas. Dit is om ingestel te wees op die golwe en seine van sy Woord en sy wil. Maak nie saak wat jou omstandighede is nie, die Here sal sy vrede aan jou gee. Jy sal eendag tot 'n nuwe en ewige lewe opgewek word.

Gebed

Here, Jesus, ek dank U vir die offer wat U aan die kruis vir my gebring het.
U het al my skuld weggeneem sodat ek nie meer hoef bang te wees vir die oordeelsdag nie.
U het my u Gees gegee om beheer van my gedagtes en besluite te neem.
Help my om die werking van u Gees nie te weerstaan nie,
maar om my vertrou elke dag in u Vaderhande te plaas.
Amen